# Laerskool Eligwa

12 Junie 2024

Geagte Ouers / Voogde

NUUSBRIEF NR. 8 VAN 2024

Graag bring ek die volgende onder u aandag:

**1. AKADEMIE**

U kind sal 'n vorderingsverslag met die skoolsluiting op Vrydag, 14 Junie 2024 ontvang. Die vorderingsverslae kan tussen 07:00 en 07:30 by die registerpersoneel afgehaal word. Ons amptelike **ouermiddag** is op Dinsdag, 16 Julie 2024 **vanaf 14:00 tot 16:00**. U sal met die eerste skrywe van die derde kwartaal meer inligting hieroor ontvang.

**2. VEILIGHEID – LEERDERS**

Die veiligheid van elke kind is vir ons baie belangrik. Ons het egter ook u hulp as ouers/voogde nodig om seker te maak dat ons kinders voortdurend veilig is. Die volgende is dus belangrik en u as ouer/voog moet dit met u kind bespreek:

2.1 U **moet** u kind betyds kom haal in die middae na skool.

2.2 U kind **moet** binne die terrein vir u wag by die hek waar u hom/haar gaan oplaai. Geen kind moet sonder toesig alleen in die veld oorkant die skool wag nie.

2.3 Hek 5 is tot 17:30 oop in die middae. Indien die ander hekke gesluit is, moet u 'n reëling tref dat u kind daar vir u wag. Ons het onderdak bankies binne die terrein by hek 5 wat die kinders kan gebruik terwyl hulle wag.

2.4 Indien u nie u kind self kan kom haal nie, **moet** u vir u kind sê wie hom/haar gaan kom oplaai na skool.

2.5 Merk u kind se tas aan die **binnekant** en nie aan die buitekant nie. Ongewenste elemente kan sy naam roep – wat hy sien op die tas – en dan dink die kind dat die persoon die gesin ken en dan saam met hom/haar in 'n voertuig klim.

2.6 Leer u kind om **geen** lekkergoed, koeldrank, ens. van vreemde mense te vat nie – dit word baie keer gebruik om kinders na voertuie te lok.

2.7 Indien leerders huis toe stap, moet hulle probeer om in groepe te stap.

U kan dus sien dat kommunikasie met u kind ongelooflik belangrik is. Die personeel is na skool besig met vergaderings, sport, kultuur,ens. en dus is dit onmoontlik om alle hekke te beman. Kom ons wees almal paraat en waaksaam en pas mekaar op.

**GEEN OUER WORD TUSSEN 07:30 EN 13:45 OP DIE TERREIN TOEGELAAT NIE! DIT IS VIR U KIND SE EIE VEILIGHEID**

**3. "BRANDED SOCKS"**

U het reeds kennis geneem van die "branded socks" wat ons graag wil deelmaak van ons skooldrag. Die kostes beloop R120 per paar (kontant met bestelling) en is tans SLEGS beskikbaar by die skool. Neem kennis dat die skool geen wins hieruit maak nie. Sodra genoeg bestellings ontvang is, sal SLEGS

"Socks of Africa" die voorraad begin dra (ook teen R120 per paar) en kan ouers direk by hulle aankoop. Die kouse is van hoë kwaliteit en gaan ook by sekere sportkodes (soos netbal) gedra kan word. Dit gaan ook deel word van die Vrydagdrag.

**4. SIEKTES**

Daar is tans 'n uitbraak van varkgriep en RSV in Suid-Afrika. Indien u vermoed dat u kind siek is, moet haar/hom nie onnodig skool toe bring nie. Vat u kind onmiddellik dokter toe sodat hy/sy medikasie kan kry. Moedig ook u kind aan om 'n masker te dra.

**5. BUITEMUURS**

Die krieket en hokkie is reeds volstoom aan die gang. Spelers moet asseblief betyds by hulle onderskeie afrigters in die middae aanmeld vir oefening.

**6. SKAAK**

Baie geluk aan die O/11- skaakspan wat hulle liga gewen het. Baie geluk ook aan die O/9-skaakspan wat 2de geëindig het. Ons is baie trots op julle.

**7. SKOOLFONDS**

Baie dankie vir u positiewe ondersteuning ten opsigte van bogenoemde. Neem asseblief kennis dat die finansiële kantoor gesluit sal wees op Vrydag, 14 Junie 2024.

**8. BOORGATWATER**

Ons wil u weereens die versekering gee dat Eligwa se water veilig is. Ons maak daagliks slegs gebruik van boorgatwater en dit word ook gereeld getoets.

**9. TOERE**

Sterkte aan ons eerste hokkiespanne (seuns en dogters) wat die vakansie by Jubaweni gaan toer. Ons glo julle gaan sommer baie leer en dit baie geniet.

**10. KLEREDRAG**

Neem asseblief kennis dat slegs Ekspaar, MG's Schoolwear en White Cross toestemming het om Eligwa se skoolklere te maak en te verkoop. Indien u dit by 'n ander onwettige instansie aankoop, aanvaar die skool geen verantwoordelikheid vir die kwaliteit (kleure, snitte, materiaal, ens) nie. Indien dit dus verskil gaan ons van u verwag om dit by die regte verskaffer aan te koop sodat ons leerders deurgaans dieselfde lyk en netjies vertoon.

Let wel dat die "branded socks" **SLEGS** deur "Socks for Africa verskaf" word en dat hulle dus alleen die patentreg het op die patroon. Moet asseblief nie onwettige instansies ondersteun nie anders gaan u inboet op kwaliteit. Dankie vir u begrip in die verband.

**11.WISKUNDE OLIMPIADE**

Ons is baie trots op ons leerlinge wat deelgeneem het aan die Wiskunde Olimpiade. Baie geluk aan Thomas Floor in Gr.6 wat 'n 2de plek behaal het

**12. SKOOLDRAG**

Na aanleiding van baie versoeke is daar besluit dat leerlinge steeds hulle Vrydagdrag mag dra gedurende die winter. Vrydagdrag en wintersdrag is dus toelaatbaar.

**13. RUGBYRAAI**

Baie dankie vir u ondersteuning met betrekking tot die rugbyraai – ons waardeer dit. Die wenner sal na die vakansie aangekondig word.

**14. VAKANSIE**

Die skool sluit op Vrydag, 14 Junie 2024 en heropen weer op Dinsdag, 9 Julie 2024.
‘n Aangename wintervakansie word u saam met u kinders toegewens.

Groete



**BD BOSHOFF**
**HOOF**

H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate ● ✉ 11 ● VANDERBIJLPARK ● 1900 ● ☎ (016) 933-4774 ● E-pos: eligwa@mweb.co.za